

HOOFSTUK VI.

DIE NORMAAL, 1936 - 1950.

1. Die beheer en organisasie van die Normaal.

(a) Inleiding.

Nadat die twee laerskole op Steynsburg geamalgameer is, het die Normaal vanaf 1936 as die enigste oorblywende stigting van die C.N.O.-beweging bly voortbestaan. Die Normaal sou voortaan die enigste inrigting in Kaapland wees wat aanspraak sou maak op die regstreekse finansiële steun van die Gereformeerde Kerk en wat vir sy voortbestaan afhanklik sou wees van die bemoeienis van die Gereformeerde Kerkverband. By die lees van notules van meerdere vergaderings kom 'n mens tot die besef dat die Gereformeerde Kerk die Normaal tot aan die einde van sy bestaan as troetelkind beskou het, totdat onvoorsiene omstandighede sy voortbestaan beëindig het.

(b) Beheer.

(i) Die Adviserende Komitee:

Toe die Normaal vanaf 1 April 1926 deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is, het die Administrateur die bestaande Sub-Kommissie van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Kaapland, nl. die predikante van Burgersdorp, Steynsburg en Middelburg wat beheer oor die inrigting gehad het, permanent in die hoedanigheid aangestel.¹⁾ Hierdie Adviserende Komitee, soos dit verder genoem is, bestaande uit di. D. Postma, J.G.H. van der Walt en D.G. Venter, sou voortaan nie net in opdrag van die Partikuliere Sinode van Kaapland beheer oor die Normaal uitoefen nie, maar ook kragtens hul benoeming deur die Administrateur. Wat van belang is, is dat die S.G.O. by die

/oorname.....176

1) Notule van die Partikuliere Sinode van die Gereformeerde gemeentes in Kaapland in sitting te Middelburg, K.P., Januarie 1927, waarin 'n rapport van die Adviserende Komitee opgeneem is.

van die Normaal die versekering gegee het dat die Advise-
rende Komitee altyd met raadpleging van die Gereformeerde
Kerk benoem sal word.¹⁾

Die Adviserende Komitee het onveranderd voortbe-
staan totdat ds. Van der Walt in 1939 sy emeritaat aanvaar
het. Die Partikuliere Sinode van Kaapland was van mening
dat dit binne sy mag val om die vakature op te vul en be-
noem ds. S.J. van der Walt, destyds predikant van Molteno,
in die hoedanigheid.²⁾ Toe die S.G.O., dr. W.de Vos Malan,
van hierdie benoeming verwittig word, blyk dit dat hy glad
nie met die verwickelinge genoeg geneem het nie. Hy is
besorg daaroor dat die Gereformeerde Kerk vir hom 'n ge-
slore inrigting wil reserveer en om dit te verhoed beveel
hy aan dat een lid van die komitee nie 'n lid van die Gere-
formeerde Kerk moet wees nie. So 'n verandering sou, vol-
gens hom, tog nie die tradisies en spesiale karakter van
die inrigting in gevaar bring nie.³⁾

Ds. Postma skryf weer aan die S.G.O. en wys daar-
op dat die Ned. Geref. Kerk en die Engelse Kerk hul beson-
dere inrigtings het, „terwyl net Steynsburg oorbly vir die
belastingbetalers van die Gereformeerde Kerk.” Met be-
trekking tot die beskuldiging as sou die Gereformeerde
Kerk die Normaal op Steynsburg vir homself wou reserveer,
antwoord ds. Postma: „U sal wel uit die lys van onderwysers
en studente aan die Kollege sien dat ons doel nooit was
of is nie om net persone van die Gereformeerde Kerk daan-
aan toe te laat nie.”⁴⁾

Hierdie meningsverskil tussen die S.G.O. en die
Adviserende Komitee was nog glad nie opgelos nie toe ds.
Postma teen die einde van 1940 oorlede is. Op sy eers-
volgende vergadering het die Partikuliere Sinode aanbeveel

/dat.....177

1) Notule van die Sub-Kommissie, 21/1/27, art.1.

2) Notule van die Partikuliere Sinode gehou te Venter-
stad, Januarie 1939, art. 58.

3) Brief van die S.G.O. aan ds. D. Postma, gedateer
27/2/40.

4) Brief van ds. Postma aan die S.G.O., gedateer 22/3/40.

dat dr. F.J.M. Potgieter, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Steynsburg, in sy plek op die komitee benoem sal word.¹⁾ Na die vertrek van dr. Potgieter is P.J. van der Merwe, hoof van die Paul Kruger Hoërskool, in sy plek benoem²⁾ sodat daar tot aan die einde van sy bestaan 'n lidmaat van die Nederduits Gereformeerde Kerk op die Adviserende Komitee van die Normaal gedien het.

Die Adviserende Komitee moes waak oor die belange van die Opleidingskollege, moes die hoof benoem en moes gereeld verslag doen aan die Partikuliere Sinode van Kaapland oor die doen en late van die inrigting. Die hoof van die Kollege moes jaarliks verslag doen aan die Adviserende Komitee en gewoonlik is dieselfde verslag voor die Partikuliere Sinode gelê, aangesien die twee vergaderings gewoonlik op dieselfde tyd en plek plaasgevind het. Hierdie komitee is ook soms die Hoof-komitee genoem om hom te onderskei van die komitee wat hierna behandel word.³⁾

(ii) Die Sub-Komitee. 4)

Solank die Opleidingskollege 'n suiwer kerklike inrigting was, is dit bloot deur die Adviserende Komitee van die Algemene Vergadering van Kaapland beheer. Toe die Kollege in 1926 deur die Kaapse Onderwysdepartement oorgeeneem is, is die plaaslike Sub-Komitee in die lewe geroep.

Hierdie komitee het bestaan uit die voorsitter van die Adviserende Komitee wat ook voorsitter van die Sub-Komitee was, dus altyd die Gereformeerde predikant van Steynsburg. Die hoof van die Kollege was *ex officio* lid van die komitee plus een addisionele lid. Laasgenoemde was wyle J.P. Kruger (oom Jacob) wat die komitee tot aan sy dood in 1938 as sekretaris gedien het. Daarna het die

/hoof.....178

-
- 1) Notule van die Partikuliere Sinode gehou te Burgersdorp, Oktober 1940, art. 27.
 - 2) Ibid, gehou te Venterstad, Oktober 1946, art. 35.
 - 3) J.A. Pretorius se outobiografie, p. 93.
 - 4) Hierdie informasie is goedgegunstelik verskaf deur J.A. Pretorius, oud-hoof van die Steynsburgse Opleidingskollege.

hoof, J.A. Pretorius, sekretaris geword en hy het in dié hoedanigheid gedien tot in 1949. Die Sub-Komitee is deur die Adviserende Komitee benoem met die medewete van die Partikuliere Sinode van Kaapland.

Die Adviserende Komitee het baie van sy pligte gedelegeer aan die Sub-Komitee soos bv. die aanstelling van personeellede, uitgesonderd die hoof, die beheer van die fondse, die toekenning van lenings aan studente en die invordering van studielenings van oud-studente. Die Sub-Komitee het m.a.w. namens die Adviserende Komitee opgetree in alle sake wat die Kollege geraak het.

Dis seker van pas om hier melding te maak van die besondere rol wat ds. D.G. Venter gespeel het in die C.N.O.-beweging op Steynsburg. Vandat hy in 1924 predikant van die Gereformeerde Kerk aldaar geword het, het hy gedien as voorsitter van die skoolkomitee van die C.N.O.-Primêre Skool totdat die skool in 1936 met die Publieke Skool geamalgameer het. Vir baie jare het hy beide die Adviserende Komitee en die Sub-Komitee van die Normaal as voorsitter gedien totdat hy Steynsburg in 1947 verlaat het. As getroue en oortuigde kampvegter vir C.N.O. was sy vertrek 'n groot verlies en die verlies van so 'n steunpilaar in die krisisuur van sy bestaan was vir die Normaal 'n gevoelige slag.

(c) Kursusse:

Vanaf 1930 is studente alleenlik vir die Primêre Onderwyserssertifikaat opgelei. Reeds gedurende 1931 het die hoof hom beywer vir die instelling van 'n spesiale kursus in Kleinkinderskoolonderwys,¹⁾ dog daar het niks van gekom nie, „omdat die antwoord van die Departement altyd was dat die studente wat hulle aanmeld vir hierdie kursus nie die instelling van 'n addisionele dergelike kursus

/regverdig....179

1) Notule van die Adviserende Komitee, 6/3/31, art. 3.

regverdig nie.¹⁾

Tydens 'n onderhoud met die S.G.O. op Cradock in Augustus 1937, kry die hoof van hom die belofte dat 'n derdejaarskursus in Huishoudkunde en Kookkuns ingestel sou word „mits minstens agt gevind kon word wat bereid was om die kursus in 1938 te volg.“²⁾ Die agt studente kon gevind word met die gevolg dat hierdie kursus vanaf die begin van 1938 ingestel is. Hierdie uitbreiding het die prestige van die Kollege verhoog en dit het in 'n groot behoefte voorsien aangesien Huishoudkunde as vak vanaf 1938 in groter laerskole ingevoer is en Steynsburg s'n die enigste Opleidingskollege was wat so 'n kursus deur medium van Afrikaans aangebied het. Tot aan die einde van 1947, toe hierdie kursus gestaak is, het hierdie afdeling van die Kollege se werk 64 Huishoudkunde onderwyseresse gelewer.³⁾ Die rede vir die sluiting daarvan was omdat daar in 1948 geen aansoeke van studente daarvoor ontvang is nie, en dit wyt die hoof in sy jaarverslag tot 'n groot mate daaraan dat die nuwe salarisordonnansie aan onderwyseresse wat in besit van hierdie Hoër Primêre Onderwysersertifikaat is, net een verhoging van £20 toeken bo diegene wat in besit van die tweejarige Primêre Onderwysersertifikaat is.⁴⁾

Hierdie prysgee van 'n spesiale kursus moet seker ook gesien word as 'n teken van die tyd, nl. dat die Kollege op pad is na sy einde waarvan die voortekens reeds vanaf 1947 te bespeur is.

(d) Finansies.

(i) Lenings:

Die Departement het aan die studente wat daarom aansoek gedoen het lenings van £30 per jaar toegestaan.

/Hierdie....180

-
- 1). Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee oor die jaar geëindig Desember 1937, art. iv.
 - 2) Ibid.
 - 3) Hierdie getal is gevind uit die jaarverslae van die hoof oor die betrokke jare.
 - 4) Jaarverslag van die hoof aan die Adviserende Komitee oor die jaar 1947.

Hierdie lenings was renteloos en die maksimum bedrag wat een student oor drie jaar kon ontvang, was £90. Terugbetaling het geskied teen £20 per jaar wanneer die student skoolhou.¹⁾ Omdat hierdie lenings nie voldoende was nie, moes ander bronne gevind word waaruit behoeftige studente gehelp kon word. Dit is gedoen by wyse van die sogenoemde kerklenings van hoogstens £10 per jaar wat vir 2 of 3 jaar aan behoeftige studente toegeken is. Die kerklenings was ook rentevry en moes in paaimente terugbetaal word sodra die student onderwys gee.²⁾ Fondse vir die kerklenings is uit verskillende bronne verkry soos blyk uit die bedrae wat gedurende 1942 vir die doel ontvang is:³⁾

a. Bydrae van die Generale Sinode.....	£100
b. Bydraes van die Kaaplandse Gereformeerde Kerke by wyse van deurkollektes.....	32 10s 9d.
c. Bydrae van die Kaapse Helpmekaar.....	45
d. Rente van Van Wyk-fonds.....	32
Totaal.....	<u>£209 10s. 9d.</u>

Die Gereformeerde Kerk het dus ook met sy geldelike steun na die beste van sy vermoë probeer om die Kollege staande te hou.

(ii) Koste van opleiding:

Die Steynsburgse Opleidingskollege het 'n betreklik goedkoop opleiding aan studente gebied. In 'n amptelike prospektus vir die jaar 1941 opgestel, word die koste aan die kursus vir die Primêre Onderwysersertifikaat bereken op £48 per jaar, waarby alles, bv. losies, kollegegelde, boeke, eksamengelde en heffings vir buitemuurse bedrywighede bygereken is.⁴⁾ 'n Beknopte prospektus vir 1945 gee die koste aan as £51 per student per jaar.⁵⁾ As in aanmerking geneem word dat hierdie koste grootliks deur beskikbare lenings

/gedek.....181

1) Uit jaarverslae van die hoof aan die Adviserende Komitee.
 2) Ibid.
 3) Ibid, 26/1/43, art.vi.
 4) Prospektus van die Steynsburgse Opleidingskollege vir 1941, p. 5.
 5) Beknopte prospektus van die Steynsburgse Opleidingskollege vir 1945.

gedek kon word, verbaas dit 'n mens dat nie meer mense daarvan gebruik gemaak het nie en dat juis gebrek aan studente die Kollege se sluiting veroorsaak het.

(e) Personeel en studente.

(i) Personeel:

Vandat die Kollege vanaf die begin van 1930 slegs studente vir die Primêre Onderwysersertifikaat voorberei het, het die vaste personeel bestaan uit hoof en twee assistente wat gedurende die eerste jare al die vakke moes doen. J.A. Pretorius en J. Aucamp het vanaf April 1932, toe eersgenoemde as hoof diens aanvaar het, tot aan die einde van die bestaan van die inrigting as hoof en assistent diens gedoen, terwyl die betrekking van dameassistent deur verskeie dames gevul is.

Die dienste wat mej. A.E.J. van Zyl aan die Steynsburgse Opleidingskollege gelewer het, verdien spesiale vermelding. Teen die einde van 1925 word sy deur die komitee van die Gimnasium Laerskool benoem as onderwyseres vir st. III en vir liggaamsoefeninge in die Opleidingskollege.¹⁾ Vanaf die begin van 1926 het sy die liggaamsoefeninge asook die metodiek vir die laerskool van beide die mans- en damestudente op uiters bekwame wyse waargeneem. As uitvloeisel van die beleid van die Departement is mej. Van Zyl vanaf Januarie 1939 as instruktrise van liggaamsopvoeding vir dames aan die Kollege aangestel,²⁾ 'n betrekking wat sy tot met die sluiting van die inrigting bly beklee het.³⁾

In Januarie 1938 kry die Kollege ook sy eerste instrukteur van Liggaamlike Opvoeding vir mans in die persoon van Lammie Louw, asook 'n instrukteur van Houtwerk,

/M.S./van der Spuy...182.

-
- 1) Notule van die komitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 28/11/25.
 - 2) Die rapport van die hoof van die Opleidingskollege aan die Adviserende Komitee, Desember 1938, art. 1.
 - 3) Mej. van Zyl is tans nog verbonde aan die skole op Steynsburg in die hoedanigheid van onderwyseres in Liggaamsopvoeding.

M.S. van der Spuy.¹⁾ Voeg hierby die begin van die derdejaarskursus in Huishoudkunde wat mej. M. van der Vyver tot die personeel laat toetree het, dan kom 'n mens onwillekeurig onder die indruk dat die jaar 1938 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die Normaal was en dat dit groot ontwikkeling voorspel het.

Die personeel van die Normaal moes 'n swaar vrag trek totdat daar aan die begin van 1941 vir hulle verligting gekom het. Die eienaardige posisie het ontstaan dat die personeel van die Paul Kruger Hoërskool te groot geword het as gevolg van die daling in die getal leerlinge, terwyl die Kollege se personeel te min was om die werk te behartig. Om albei inrigtings te help, is dit so gereël dat vyf lede van die personeel van die hoërskool vanaf Januarie 1941 gesamentlik 10 uur diens per week in die Kollege moes waarneem. Vanaf 1943 is hierdie hulpdiens uitgebrei tot 12½ uur per week en dis so volgehou totdat die Normaal gesluit het.²⁾

(ii) Studente:

Wat die toelating van studente betref, is daar vanaf die begin van 1934 'n nuwe prosedure gevolg. Van toe af het die S.G.O. die toelating van studente tot die verskillende kolleges beperk, omdat in die laaste jare die toevoer die aanvraag oortref het. Die kwota vir 1934 aan Steynsburg toegeken, was 20 terwyl daar ruim 60 aansoeke vir toelating ontvang is. Veertig aansoeke moes dus van die hand gewys word.³⁾

Vanaf die begin van 1935 is die prosedure nogeens gewysig. Toe sou die Departement self die keuring van studente doen en die gekeurde studente na die verskillende kolleges stuur. Aan Steynsburg is egter toestemming verleen om nog soos in die verlede 'n klein aantal studente uit

/die..183

-
- 1) Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee, Desember 1938, art. 1.
 - 2) Uit die rapporte van die hoof aan die Adviserende Komitee, Desember 1941 - Desember 1949.
 - 3) Ibid, 12/12/34, art. 2.

die ander provinsies en Suidwes-Afrika toe te laat.¹⁾

Dit blyk dat die Departement aan die eksperimenteer was want vanaf die begin van 1936 is die prosedure nogeens gewysig. Dit was beslis 'n verbetering op die vorige reëling. Applikante wat deur die Departement goedgekeur is, sou vrygelaat word om aansoek te doen om toelating by enige kollege wat hy/sy verkies en die hoofde kon hulle kwota kies uit die aansoeke wat hulle ontvang het.

Vir 1936 is Steynsburg se kwota verhoog van 20 na 28. ²⁾

Tot aan die einde van 1942 het die studentetal enigsins konstant gebly, dog daarna is daar 'n geleidelike daling te bespeur, waarop ek later terugkom.

(f) Leerplanne.

(i) Algemeen:

Die hoof het dit telkens in sy jaarverslae beklemtoon dat dit die strewe van die Kollege is om onderwysers (esse) op te lei wat sal voorsien in die behoefte van die platteland waar die meerderheid van die studente hul eerste aanstellings gekry het. Daarbenewens is dit oor en oor beklemtoon dat die opleiding geskied ooreenkomstig die tradisies en karakter van die inrigting, nl. 'n Christelike opleiding in 'n gesonde nasionale Suid-Afrikaanse gees, ooreenkomstig die leuse van die inrigting: Vir Christus Ons Koning.

(ii) Godsdiens en godsdiensonderrig: \

Dis nie toevallig dat in die prospektus van die Kollege vir die jaar 1941, onder die sake waarop spesiaal nadruk gelê word, Godsdiens en Godsdiensonderwys eerste genoem word nie. Die Christelike karakter van die Normaal is tot aan die einde getrou gehandhaaf.

Aan die hand van die godsdiensleerplanne vir laerskole in Kaapland, het die studente deeglike opleiding

/gekry.....184

1) Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee, 12/12/34, art. 2.

2) Ibid, 13/12/35, art. 2.

gekry in die doel en metode van godsdiensonderrig.¹⁾ Vir baie jare is dogmatiese godsdiensonderrig een periode per week deur ds. D.G. Venter, predikant van die plaaslike Gereformeerde Kerk, aan die studente gegee.²⁾ Na die vertrek van ds. Venter het die hoof hierdie onderrig self gegee, terwyl J. Aucamp verantwoordelik was vir die metodiek van godsdiensonderrig.³⁾ Met die aankoms van ds. J.L. Vorster op Steynsburg is dit so gereël dat hy en ds. W.A. Smit, die plaaslike predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, eenmaal per week om die beurt die godsdiensonderrig van die studente waargeneem het, 'n reëling wat volgehou is tot aan die einde van die bestaan van die Kollege.⁴⁾

(iii) Die Primêre Onderwysersertifikaat:

Soos reeds gesê, het die Kollege hom in die opleiding van onderwysers toegespits op die behoeftes van die platteland. Leerkragte moes opgelei word om dikwels in plattelandse skole onderwys te gee aan alle of 'n paar primêre stansers in een klaskamer. Benewens die metodiek van alle laerskoolvakke het die studente gevorderde onderrig gekry in die twee landstale, Sielkunde, Geskiedenis van Onderwys, Aardrykskunde, Geskiedenis, Gesondheidsleer, Liggaamskultuur, Houtwerk en Naaldwerk, Afrikaanse Letterkunde, Natuurstudie en Sang. Soos blyk uit die vakke aangebied, het die studente die Kollege met nuttige kennis van 'n hele aantal basiese vakke verlaat en was hulle deeglik toegerus vir die taak van die onderwys.

(g) Die losieshuis.

Die losiesgeriewe vir studente van die Opleidingskollege was haglik. In sy verslag oor die jaar 1937 stel

/die....185

1) Die rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee, oor die jaar 1945, art. 3.

2) Uit rapporte van die hoof, 1932 - 1947.

3) Ibid, oor die jaar 1947, art. 3.

4) Ibid, oor die jaar 1948, art. 3.

die hoof dit as volg: „Die huisvesting van studente bly nog altyd 'n vraagstuk. Die gebou van die meisieslosieshuis is te klein en daarby ondoelmatig. Vir die mans bestaan daar nog altyd geen losieshuis nie. Hulle loseer by goedgekeurde privaat families. Toesig oor hul studie is onder hierdie omstandighede so goed as onmoontlik. Die huidige losiesplekke is ongeveer $\frac{3}{4}$ myl van die opleidingskollege, sodat die studente daaglik 3 myl moet stap om die twee sessies by te woon. Daar kan dus moeilik van hulle, veral die dames, verwag word om nog 'n keer die afstand af te lê na die biblioteek vir selfstudie doeleindes." 1)

Dringende verzoek is tot die Departement gerig om in hierdie ernstige behoefte voorsiening te maak. Tydens sy besoek aan Steynsburg, op 11 Oktober 1938, is die saak weer baie pertinent onder die aandag van die S.G.O., dr. W.de Vos Malan, gebring, waarop hy belowe om sy bes te doen om vir die Kollege 'n losieshuis te verkry. Die S.G.O se belofte het gou geblyk nie net woorde te wees nie, want in 1939 is daarin geslaag om £10,000 op die werkende begroting van die Provinsiale Raad vir 'n gesamentlike losieshuis vir dames- en herestudente te kry. Voordat egter met die werk begin is het die oorlog uitgebreek en moes alles gekanselleer word. 2)

Daarna moes die Gereformeerde Kerk self die inisiatief neem. Die Adviserende Komitee van die Normaal het die Kerkraad van Steynsburg gevra om iets te doen en die het dit aan die Van Rooy-Losieshuiskomitee van die Steynsburgse Gereformeerde Kerk opgedra om sy aandag aan die saak te gee.

Op die Partikuliere Sinode van Oktober 1941 geniet die losieskwessie van Steynsburg, na aanleiding van die verslag van die hoof, besondere aandag. In 'n besluit moedig die sinode die Van Rooy-Losieshuiskommissie aan om

/voort.....186

1) Verslag van die hoof oor die jaar 1937, art. 10.

2) Ibid, Desember 1939, art.9.

voort te gaan met die bouplanne van die losieshuis. Die kommissie kry ook van die sinode verlot om, indien nodig, vir die doel te kollekteer in die gemeentes van Kaapland.¹⁾

Alhoewel die Gereformeerde Kerkraad van Steynsburg reeds in 1941 die bou van die losieshuis in beginsel goedgekeur het,²⁾ word nou aan die Van Rooy-Losieshuiskomitee opdrag gegee om dadelik aan te gaan met die werk volgens 'n bepaalde skema.³⁾ Met verskillende fondse wat daarvoor beskikbaar gestel is en met 'n lening⁴⁾ van 'n bouvereniging, is die gerieflike gebou met akkommodasie vir 50 studente, teen die helfte van 1946 voltooi. Die gebou het £10,150 gekos.

Op 31 Julie 1946 is die losieshuis in teenwoordigheid van 'n hele aantal afgevaardigdes van Kaapse Gereformeerde gemeentes en plaaslike liggeme, amptelik in gebruik geneem by welke geleentheid prof. W.J. Snyman van die Teologiese Skool van Potchefstroom die openingstede gelewer het.⁵⁾ Paslik is die inrigting die Van Rooy-Losieshuis genoem in dankbare herinnering aan wyle mev. J.C. van Rooy wat £1,000 geskenk het vir 'n losieshuis vir C.N.O. op Steynsburg.⁶⁾ Hiermee is in 'n lang gevoelde en ernstige behoefte voorsien en is die ideaal waarvoor jare lank gewer is, bereik. Studente sou voortaan in 'n moderne gerieflike losiesinrigting dig by die Kollege en wel onder die persoonlike toesig van die hoof, J.A. Pretorius, en sy gade, gehuisves word. Oënskynlik het dit gelyk of die toekoms van die Kollege hiermee verstewig en verseker is, dog tekens het reeds daarop begin dui dat dit die begin van die einde was. Selfs die weelde van 'n eie losiesinrigting kon die Normaal nie red nie.

/2. Die.....187

-
- 1) Notule van die Partikuliere Sinode van Kaapland in sitting te Burgersdorp, Oktober 1941, art. 37.
 - 2) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 24/5/41, art. 37.
 - 3) Ibid., 14/4/44, art. 25.
 - 4) Notule van die Van Rooy-Losieshuiskomitee, 10/3/44.
 - 5) Prof. Snyman as spreker was 'n gepaste keuse. Sy moeder was 'n dogter van wyle wed. J.C. van Rooy wat die £1,000 geskenk het en hy is die oudsteseun van wyle dr. P.C. Snyman.
 - 6) Rapport van die hoof oor die jaar 1946.

2. Die sluiting van die Normaal.

(a) Faktore wat daartoe gelei het.

(i) Inleiding:

Vanaf 1941 is daar duidelike tekens dat dit nie goed met die Normaal gaan nie wat betref die jaarlikse toevoeging van studente. In elke verslag bring die hoof die „groot behoefte aan studente” onder die aandag van die Adviserende Komitee en word „predikante en kerkrade vriendelik versoek om aspirant-onderwysers in hul omgewings en veral in hul gemeentes aan te moedig om na Steynsburg te kom vir 'n Christelike opleiding.”

Maar daar was ook ander faktore, miskien buite die beheer van die instansies wat 'n direkte verpligting teenoor die voortbestaan van die Normaal gehad het, wat bygedra het tot sy sluiting. Ek wil die belangrikste van hierdie faktore en omstandighede in die volgende paragrafe probeer behandel.

(ii) Gebrek aan studente:

Die volgende syfers gee 'n konkrete voorstelling van hoedat die getalle van die Normaal, veral vanaf 1942, jaar na jaar gedaal het.

Studentetalle¹⁾

<u>Jaar</u>	<u>P.O.S. 1</u>	<u>P.O.S. 11</u>	<u>H.P. Huish.</u>	<u>Totaal</u>
1938	28	28	8	64
1939	27	26	5	58
1940	23	27	5	52
1941	27	23	7	57
1942	22	27	5	54
1943	20	22	10	52
1944	16	20	9	45
1945	10	16	5	31
1946	15	10	8	33
1947	7	14	4	25
1948	11	7	-	18
1949	10	11	-	21

/Hierdie...188

1) Gevind uit jaarverslae van die hoof oor die jare 1938 - 1948.

Hierdie onheilspellende syfers het soos „die swaard van Damokles” bokant die hoof van die inrigting gehang en as daar nie iets gedoen word nie, sou hy een of ander tyd moes val. Maar daar moes tog ernstige redes vir die gebrek aan studente gewees het waarvan ek 'n paar wil noem.¹⁾

a. Die proses van ontvolking van die platteland, waarvan Noordoos-Kaapland 'n gevoelige deel gehad het, het in hierdie jare sy hoogtepunt bereik. Ook die getalle van die hoërskole wat die Normaal moes voed het gedaal.

b. Ongekende welvaart sedert die begin van die Tweede Wêreldoorlog het veral die boere in staat gestel om hul kinders na universiteite te stuur. Dis 'n bekende feit dat opleidingskolleges gedurende depressies bloei omdat die opleiding goedkoop is en daar gewoonlik rentevrye lenings beskikbaar is, terwyl jare van voorspoed gunstig is vir die inskrywing van universiteite.

c. Daar was volop werkgeleenthede vir gematrikuleerde jongmense. Die staatsdiens, die handel en die nywerhede het vir hulle oop deure gebied, in die meeste gevalle met aantrekliker salarisse as die primêre **onderwys**.

d. Voeg daarby nog swak salarisse, onbevredigende diensvoorwaardes en die feit dat die onderwysberoep nie meer soveel aansien van die kant van die publiek en die ouers geniet het nie, dan besef ons waarom die onderwysberoep in onguns geraak het. Dit, tesame met die gebrek aan 'n ernstige toegewyde roepingsbewustheid, het die opleidingskolleges laat leeg loop.

e. As al die voorgaande faktore in aanmerking geneem word, kan ons verstaan dat vier opleidingskolleges in die dunbevolkte Oos-Kaapland en die Middellande te veel was. Kingwilliamstown is juis in 1948 gesluit, terwyl Grahamstad, Graaff-Reinet en Oudtshoorn ook ver benede hul kwota

/studente...189

1) Ek maak hier gebruik van informasie verskaf deur die laaste hoof van die inrigting, J.A. Pretorius in sy Outobiografie, pp. 130 en 131.

studente was.

f. En nou kom ons nader tuis. 'n Mens sou verwag dat die Gereformeerdes, en by name die Gereformeerdes van Kaapland, die Steynsburgse Opleidingskollege beter sou ondersteun. Die Gereformeerde Kerk van Kaapland was die Normaal altyd simpatiek gesind, wat ook bewys is deur die milde geldelike bydrae wat van tyd tot tyd gemaak is, maar nie al die Gereformeerde ouers was lojaal nie. Menige Gereformeerde student is by Steynsburg verby gestuur vir opleiding aan ander kolleges. Daarom sal die sluiting van die laaste stigting van die C.N.O.-beweging op Steynsburg, altyd 'n aanklag wees teen die Gereformeerdes op wie se ondersteuning hy, kragtens sy karakter en tradisies, die reg gehad het om staat te maak, hoe ookal gepoog mag word om dit goed te praat. As die belanghebbende element, in hiërdie geval die Gereformeerdes van Kaapland, nie sy plig besef het nie, was dit seker nie billik om te verwag dat die owerheid 'n kollege, wat groot geldelike verpligtinge verg, sonder 'n redelike getal studente aan die gang moes hou nie.

(b) Pogings om die Kollege te red.

(i) Pogings binne die Gereformeerde Kerkverband:

Omdat besef is dat dit die taak van die Gereformeerdes en die Gereformeerde Kerk van Kaapland was wat moes toesien dat die Kollege die vereiste getal studente sou hê, het die hoof dit in sy jaarverslae aan die Adviserende Komitee, wat ook op die Partikuliere Sinodes van Kaapland behandel is, elke jaar baie sterk gestel en hom veral tot die Gereformeerde predikante gerig.¹⁾

As sake kritiek begin word, draai die hoof in sy verslag aan die Partikuliere Sinode gehou te Steynsburg in Desember 1947, geen doekies om nie, dog die ware stand van sake word baie duidelik gestel. „My is privaat meegedeel,“ so verklaar die hoof, „dat die bestaan van die Steynsburgse

/Opleidingskollege..190

1) Die rapporte van die hoof aan die Adviserende Komitee, Januarie 1944, art. 9; 24 Oktober 1946, art. 8.

Opleidingskollege en van nog 'n opleidingskollege in 1948 in die weegskaal sal wees." En dan stel hy aan die sinode wat verwag word: „Slaag ons daarin om ongeveer 15 eerstejaarse studente vir 1948 te werf, sal niks gebeur nie en sal ons in 1949 en daarna kan voortbestaan mits die inskrywing weer normaal is. Maar, as die inskrywing in 1948 minder as 15 studente beloop, sal ons kennis kry dat die S.O.K. in Desember 1948 gesluit word." 1) Dis duidelike taal aan deputate van alle Gereformeerde Kerke in Kaapland. Predikante en kerkrade word weereens opgewek om hulle in hul omgewings en gemeentes vir die saak te gaan beywer, terwyl die hoop en vertrouwe uitgespreek word „dat hierdie inrigting wat in die naam van die Here begin is en soveel jare as 'n sprekende getuienis van die C.N.O.- beginsel gestaan het, nie nou sal ondergaan nie." 2)

Die sinode neem die waarskuwing ter harte en is bekommerd soos blyk uit die volgende voorstel wat aangenem word: „In verband met die groot behoefte aan studente vir die S.O.K. wat selfs die toekomstige voortbestaan van die inrigting van ons kerk betref, gee hierdie vergadering baie dringend opdrag aan elke afgevaardigde om in eie kring opsetlik studente te gaan werf, en daarvan inderdaad 'n gewetensaak te maak, hetsy met die oog op 1948 of vir latere jare." 3) En die resultaat? Aan die begin van 1948 word 11 nuwe studente ingeskryf!

In September 1948 deel die hoof die Partikuliere Sinode in sitting te Kaapstad mee dat met twaalf of meer studente by, die Kollege in 1949 sou kon voortbestaan, dog hy waasku weer: „Alleen studente kan die S.O.K. van ondergang red, en o.i. sal 1949 die lot van die inrigting besliss." 4)

/Ek.....191

-
- 1) Die rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee, 17/11/47, artt. 7 en 8.
 - 2) Ibid.
 - 3) Notule van die Partikuliere Sinode van Kaapland, gehou te Steynsburg, Desember 1947, art. 36.
 - 4) Rapport van die hoof aan die Partikuliere Sinode, gehou te Kaapstad, September 1948, art. 7.

Ek het hierdie aspek van die aangeleentheid enigszins breedvoerig behandel om die indruk as sou die breër kerkverband in Kaapland onbewus was van die gevaar wat die Steynsburgse Opleidingskollege bedreig het, geheel uit die weg te ruim. Met hul medewete, en bewus van wat van hulle onder die omstandighede verwag is, het die predikante, kerkrade en gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Kaapland gesien hoedat hierdie inrigting stadig maar seker sy einde nader.

(ii) Pogings van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg:

Hoewel die Steynsburgse Opleidingskollege die troetelkind van die hele Gereformeerde Kerk van Kaapland was, is dit te begrype dat die Gereformeerde Kerk van Steynsburg in wie se boesem hierdie inrigting vir die afgelope byna halwe eeu bestaan het, hom in die eerste plek verplig en geroepe gevoel het om die ondergang van die Kollege te verhoed.

Die oprigting van die losieshuis was 'n eerlike poging van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg om die Normaal te probeer red. In Augustus 1945 besluit die kerkraad om 'n omsendbrief, geteken deur die voorsitter en sekretaris van die komitee van die Opleidingskollege, aan alle Gereformeerde gemeentes te stuur waarin melding gemaak word van die vordering wat die inrigting gemaak het en dat die C.N.O.-beginsels nog altyd gehandhaaf word. Verder word die gemeentes opgewek om studente te stuur en om mildelik by te dra as gekollekteer word.¹⁾

In April 1948 besluit die kerkraad om 'n soortgelyke omsendbrief aan alle gemeentes te stuur om die haggelike posisie van die Kollege weereens onder hul aandag te bring.²⁾ By dieselfde geleentheid word dit ook aan die

/hoof.....192

1) Notule van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Steynsburg, 24/8/45, art. 13. Die omsendbrief, gedateer 14 Augustus 1946 is dan ook aan alle Gereformeerde gemeentes gestuur.

2) Ibid, 10/4/48, art. 11. Vir omsendbrief kyk Bylaag G.

hoof, J.A. Pretorius, opgedra om die omstandighede van die Normaal in 'n artikel in Die Kerkblad uiteen te sit. In hierdie artikel, wat in Die Kerkblad van 20 Augustus 1948 verskyn het, skets die skrywer aanvanklik in breë trekke die geskiedenis van die Steynsburgse Opleidingskollege. Hy wys op die onrusbarende afname in die getal studente gedurende die afgelope paar jaar en vervolg dan: „Inderdaad is die bestaan van die Opleidingskollege in gevaar, en as die Gereformeerdes van Kaapland in die eerste plek nie iets kan doen om die inskrywing in 1949 aansienlik op te skuif nie, is die dae van ons inrigting getel." 1) En die resultaat op al hierdie waarskuwings? Aan die begin van 1949 word 10 nuwe studente ingeskryf!

(iii) Onderhandelinge met die Kaapse Onderwys-Departement:

Gedurende 1948 stel die Besuinigingskommissie van die Provinsiale Raad ondersoek in na die toe ongunstige posisie van die Steynsburgse Opleidingskollege en ander opleidingsinrigtings in die provinsie. Berigte in die pers het groot spanning en min hoop vir die toekoms veroorsaak. 2)

Teen die einde van Mei word di. J.L. Vorster en W.A. Smit as deputate na Kaapstad gestuur en saam met H.T. van G. Bekker, L.V., ontmoet hulle die Onderwysdepartement en die Administrasie i.v.m. die voortbestaan van die Normaal. 3) Daar is reeds gevrees dat, aangesien die hoof besluit het om aan die einde van 1949 uit die diens te tree, die Departement juis dan dié geleentheid te baat sou neem om die Kollege te sluit. Die afvaardiging kom op 31 Mei onverrigtersake terug op Steynsburg met die skokkende tyding dat toe hulle in Kaapstad kom, die lot van die Steynsburgse Opleidingskollege reeds beslis was, en dat die

/Departement.....193

1) J.A. Pretorius in 'n artikel in Die Kerkblad van 20/8/48, p. 15.

2) Rapport van die hoof aan die Part. Sinode, Sept. 1948, art. 6.

3) J.A. Pretorius in sy Outobiografie, p. 130.

Departement 'n onherroeplike besluit geneem het om die Kollege in Desember 1950 te sluit. In 1950 sou daar nie nuwe studente ingeskryf word nie, terwyl J. Aucamp vir die laaste jaar sou waarneem as hoof. Eindelik is die laaste vonnis, waarvoor lank reeds in spanning gewag en gevrees is, gevel.

(c) Die weerklank in die kerkverband.

Hoewel die sluiting van die Normaal allerweë verwag is, is die finale beslissing met groot teleurstelling en weemoed ontvang. Vir die kerkraad van Steynsburg was dit oomblikke van droefheid, want 'n lang pad van stryd is in herinnering geroep toe die voorsitter, ds. J.L. Vorster, die uitslag van die deputasie na Kaapstad bekend maak.

Hiervan getuig die besluit wat onmiddellik daarna geneem is: 1)

„Eerw. Kerkraad neem hiervan met groot leedwese kennis en spreek sy spyt en teleurstelling uit dat dit moet gebeur as gevolg van tekort aan studente, nie-teenstaande herhaalde pogings wat gedoen was by meerdere vergaderings en in Die Kerkblad asook omsendbriewe aan kerkrade om studente te werf.

„Vir byna 'n halwe eeu het hierdie gemeente en ons kerk gewerk en geoffer vir C.N.O. alhier, eers was dit die C.N.O.-skool, later vir die Opleidingskollege, en nou kom dit alles ten einde.

„Die Eerw. Kerkraad is egter dankbaar teenoor die Here vir wat in hierdie verband hier gedoen is, dankbaar vir wat die broeders en susters tot stand gebring het wat deur die loop van jare aan die inrigting verbonde was, dankbaar vir liefde en toewyding.

„Die Eerw. Kerkraad wil ook sy dank uitspreek teenoor die Here vir die manne en vroue wat deur hierdie inrigting aan kerk en volk gelewer is. Dank dat hierdie kerkraad en gemeente vir so 'n lang tyd waardig geag was om hierdie saak te steun en te dra. Mag al die werk en offers tot seën wees.”

Ook die Partikuliere Sinode van die Gereformeerde Gemeentes in Kaapland, die eintlike voog van die Steynsburgse Opleidingskollege hou nabetragting. Die deputaatskap

/vir.....194

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 10/6/49, art.15.

vir onderwysaangeleenthede lê by monde van ds. M. Postma 'n verslag voor die sinode, en daarin rapporteer hulle as volg m.b.t. die Normaal: 1)

„Die Eerw. Part. Sinode neem met leedwese kennis van die sluiting van die Steynsburgse Opleidingskollege wat gedurende die afgelope 37 jaar Christelik Nasionale onderwysers en onderwyseresse aan die volk gelewer het. Ons betreur dit veral omdat dit juis nou in hierdie tyd moet gebeur waarin C.N.O. meer en meer begin posvat in ons hele volk, susterkerke en Afrikaanse onderwysvereniginge, dat ons nou hierdie vesting vir C.N.O. moet prysgee en hierdeur 'n terrein verlore moet laat gaan wat nie weer maklik, indien ooit, herwin kan word nie. Vandag juis het ons onderwysers van 'n beslis Christelike Nasionale oortuiging, soos wat Steynsburg gelewer het, dringender as tevore nodig.

„Ons wil egter as Part. Sinode tog van hierdie geleentheid gebruik maak om ons dank en hulde te bring aan die persone wat tydens die bestaan van die Kollege met soveel ywer en opoffering aan hierdie inrigting en vir hierdie saak gewerk het.”

(d) Finale reëlings.

Die hoof, J.A. Pretorius, besluit om aan die einde van 1949 uit die diens te tree nadat hy reeds twee jaar tevore die pensioenbare leeftyd bereik het, 'n gebeurtenis waarmee die sluiting van die Normaal seker verband gehad het.²⁾ Dit was nou nie vir die Departement nodig om vir die hoof, wie se salaris gewaarborg was, 'n betrekking elders te soek nie. Vir byna agtien jaar het J.A. Pretorius die Kollege op bekwame wyse as hoof gedien. Deur die moeilike jare, ook as huisouers in die losieshuis, het hy en sy gade hul groot opofferinge getroos terwille van die inrigting waaraan hy al sy kragte gewy het. Met sy kenmerkende deeglikheid en met onwrikbare beginselvastheid het hy die

/vaandel.....195

1) Notule van die Part. Sinode van Kaapland in sitting te Burgersdorp, Januarie 1950.

2) Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee vir die jaar 1949, art. 1.

vaandel vir C.N.O. op die laaste skof van die stryd gedra.

J. Aucamp, assistent aan die Kollege sedert 1927, wat van almal die langste ononderbroke verbonde was aan die Steynsburgse Opleidingskollege en wat as dosent in die metodiek van die vernaamste primêre skoolvakke sy stempel op menige toekomstige onderwyser(es) afgedruk het, sou in 1950 as hoof waarneem sodat die eerstejaarstudente van 1949 hul kursus kon voltooi.¹⁾ Daarna is Aucamp oorgeplaas na die Wellingtonse Opleidingskollege, waar hy tans nog werk-saam is.

Aan die einde van die vierde kwartaal 1950, is die vonnis voltrek toe die deure van die Kollege nie net vir die vakansie nie, maar vir altyd agter die personeel en die laaste 10 studente gesluit is. Vir die studente was dit miskien net die einde van hul studiejare wat hul op die drumpel van 'n lewensroeping gebring het. Vir die personeel was dit die afsluiting van 'n dienstydpark wat die aangename en onaangename ondervindinge in herinnering laat roep het. Maar vir diegene wat deur die jare die stryd vir C.N.O. op Steynsburg gevoer het, het 'n sluier geval oor 'n lang verlede van stryd met sy oorwinnings en neerlae.

3. Die boedel beredder.

Nadat die finale sluiting van die Kollege aangekondig is, was daar veral twee sake wat onmiddellike aandag vereis het, nl. die fondse en die Van Rooy Losieshuis.

(a) Die fondse.

Ten tye van sy sluiting het die Normaal oor vier fondse beskik, nl. Die Leningsfonds van die Gereformeerde Kerk van die Kaapprovinsie, Die Van Wyk-fonds, Die Van Rooy-Losieshuisfonds en Die Dr. Snyman-fonds.

(i) Die Leningsfonds van die Gereformeerde Kerk van die Kaapprovinsie.

Hierdie fonds het op 31 Maart 1949 die som

/van.....196

1) Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee oor die jaar 1949, art.1.

van £1,544 18s. 9d. bedra waarvan £1,026 2s 5d. uitstaande lenings was.¹⁾ Hierdie fonds is opgebou uit jaarlikse toelae van die Gereformeerde Kerk, uit toelae en donasies van goedgesinde persone en liggame en uit enige ander bron wat die komitee wat dit beheer het geoorloof mag geag het, soos erflatinge, rente op erflatinge, ens. ²⁾

Die konstitusie van hierdie fonds maak ook voorsiening ingeval die Kollege sou ophou om te bestaan, waarna „die restant van hierdie fonds die eiendom van die Gereformeerde Kerk van Kaapland sou wees, wat die reg sal hê om die verskuldigde bedrae op toegestane lenings in te verder deur of 'n trustee of agent vir hierdie doel teen vergoeding te benoem. Die Gereformeerde Kerk van Kaapland sal die restant van die fonds of die rente daarop na goeddunke bestee in belang van onderwys en opvoeding met dien verstande dat die Gereformeerde Kerk van Steynsburg of enige ander liggaam, wat regstreeks of onregstreeks verliese mag gely het vanweë die sluiting van die Opleidingskollege, die eerste in aanmerking sal kom vir betaling van skadevergoeding uit die restant van die fonds.” ³⁾

Hierdie fonds het dus die eiendom van die Partikuliere Sinode van Kaapland geword en op aanbeveling van hierdie sinode se deputaatskap vir onderwysaangeleenthede sou dit deur die Sustentasië-Kommissie van die sinode oorgeneem en belê word, „desgewens met raadpleging van die kommissie deur die Kerkraad van Steynsburg daarvoor benoem.” ⁴⁾

(ii) Die Van Wyk-fonds:

Hierdie fonds het £700 bedra en is in die Van Rooy Losieshuis belê. Nadat die Losieshuis verkoop is, het die Van Rooy Losieshuiskomitee by die kerkraad van

/Steynsburg.....197

-
- 1) Rapport van die hoof aan die Adviserende Komitee oor die jaar 1949, art. 5.
 - 2) Konstitusie van die Leningsfonds van die Opleidingskollege.
 - 3) Ibid.
 - 4) Rapport van die deputaatskap vir onderwysaangeleenthede soos opgeneem in die notule van die Part. Sinode van Kaapland, in sitting te Burgersdorp, Januarie 1950.

Steynsburg aanbeveel dat die fonds na 31 Desember 1950 sou oorgaan na die Partikuliere Sinode van Kaapland „wat sal aangewend word soos oorspronklik bepaal en oorgedra word aan die Kuratore van die Teologiese Skool." Die wens word verder uitgespreek dat behoeftige studente van Kaapland, met voorkeur aan die wat opgelei word as onderwysers, uit die rente van die fonds gehelp sou word, en dat studente van Steynsburg en Burgersdorp spesiale aandag sal geniet, „omdat die fonds hier ontstaan het." 1)

Die kerkraad van Steynsburg het hierdie aanbeveling bekragtig.²⁾ Die fonds is oorgedra aan die Partikuliere Sinode, wat die op sy beurt in Junie 1952 oorgedra het aan die Kuratore van die Teologiese Skool. Die trustees vir die toekenning van beurse uit hierdie fonds is die Kuratore van Kaapland en die predikant van Steynsburg. Die beurse uit hierdie fonds word toegeken vir die opleiding van onderwysers aan die P.U. vir C.H.O. en dit moet in die volgende orde toegeken word: studente uit Burgersdorp en Steynsburg, studente uit Kaapland, en studente uit Gereformeerde Kerke.³⁾

(iii) Die Van Rooy Losieshuisfonds :

Hierdie fonds is belê in die Van Rooy Losieshuis en was die eiendom van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg. Nadat die losieshuis verkoop is, het die Van Rooy Losieshuiskomitee aanbeveel dat hierdie fonds wat £1,000 bedra het, se rente aangewend sal word vir leningsbeurse aan studente van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg vir verdere studie aan die Teologiese Skool of die P.U.K. vir C.H.O.⁴⁾ Hierdie aanbeveling is deur die kerkraad van Steynsburg aanvaar.⁵⁾

/Die.....198

-
- 1) Notule van die Van Rooy Losieshuiskomitee, 30/10/50.
 - 2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/11/50, art. 8.
 - 3) Informasie ontvang van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom.
 - 4) Notule van die Van Rooy Losieshuiskomitee, 30/10/50.
 - 5) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/11/50, art. 8.

(iv) Die Dr. Snyman-fonds.

Met die sluiting van die Normaal was ook hierdie fonds, wat £512 bedra het, in die Van Rooy Losieshuis belê. Met betrekking tot hierdie fonds beveel die Van Rooy Losieshuiskomitee by die kerkraad aan „dat ooreenkomstig die statute die rente van die fonds gebruik word om leningsbeurse te gee aan studente van die Gereformeerde Gemeente van Steynsburg vir studie aan die Teologiese Skool of die P.U.K. vir C.H.O.¹⁾ Ook hierdie aanbeveling word deur die kerkraad aanvaar met die toevoeging dat met die rente van die fonds ook Gereformeerde leerlinge aan die Paul Kruger Hoërskool te Steynsburg gehelp sal word.²⁾

(b) Die Van Rooy Losieshuis.

Onmiddellik nadat berig ontvang is van die sluiting van die Normaal, het die kerkraad planne begin be- raam oor die toekomstige gebruik of verkoop van die losies- huis. Die voorsitter maak melding van die moontlikheid om die gebou te herskep in 'n weeshuis en met die oog hier- op word 'n kommissie benoem om samesprekings te voer met die Sinodale Diakonale deputate van die Gereformeerde Kerk.³⁾ Die kommissie het verteenwoordigers van die diako- nië van Kaapland ontmoet en die gebou aan hulle vir £8,500, insluitende die meubels, aangebied. Dit word ook belowe dat as die kerkraad al sy verpligtinge m.b.t. die losies- huis nagekom het, enige surplus wat daar mag wees, aan die beoogde weeshuis geskenk sou word.⁴⁾ Aan hierdie onderhan- deling het die kerkraad van Steynsburg sy goedkeuring ge- heg.⁵⁾

Dit blyk egter spoedig dat die deputaatskap die
/gebou....199

-
- 1) Notule van die Van Rooy Losieshuiskomitee, 30/10/50.
 - 2) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 3/11/50, art. 8.
 - 3) Ibid, 10/6/49, art. 16.
 - 4) Notule van die Van Rooy Losieshuiskomitee, 20/6/49.
 - 5) Notule van die Gereformeerde Kerk Steynsburg, 29/7/49, art. 11.

gebou sal oorneem, nie vir 'n weeshuis nie, maar wel vir 'n ouetehuis. Hiervoor het die kerkraad nie kans gesien nie en op aanbeveling van sy kommissie besluit hy om die gebou vir die Departement aan te bied teen £10,150.¹⁾

Die kommissie van die kerkraad het die Sinodale Diakonale Deputate op 19 Oktober 1949 te Bloemfontein ontmoet en daarna het die kerkraad 'n skrywe van die genoemde Deputaatskap ontvang waarin hulle meld dat hulle die gebou nie sal oorneem nie.²⁾ Die kerkraad is verontwaardig hieroor omdat daar sterk gehoop is dat die gebou so vir die kerk behou kon bly en kon nie besef waarom uitbouing van die weeshuis juis in die Transvaal moes geskied nie.

Intussen kom daar 'n aanbod van die Nederduits Gereformeerde Kerk om die gebou oor te neem.³⁾ Voordat egter met die Armsorg Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk onderhandel kon word, kom die berig dat die Provinsiale Administrasie die volle bedrag van £10,150 aan die Gereformeerde Kerk uitbetaal het.⁴⁾ Die gebou sou nou die eiendom van die Provinsiale Administrasie wees, wat dit op sy beurt aan die Armsorg Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk oorgemaak het. Dit is tans bekend as die Herwin Tehuis waar gekommiteerde en wees dogters gehuisves word.

Nadat al dielenings wat vir die bou van die losieshuis aangegaan is, terugbetaal is, en die leningsfondse wat daarvoor gebruik is vergoed is, het die kerkraad 'n bedrag van £2,500 oorgehou. Volgens kerkraadsbesluit sou dit dien as reserwefonds van die kerk en met die rente daarvan sou na goeddunke gehandel word.⁵⁾

.....oooOooo.....

-
- 1) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 26/8/49, art. 11.
 - 2) Ibid, 30/9/49, art. 18.
 - 3) Notule van die Van Rooy Losieshuiskomitee, 6/9/49.
 - 4) Ibid, 6/10/50.
 - 5) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 2/3/51, art. 12.